KAMMANUUS

Nr. 422 12 Desember 2016

'n Publikasie van Onsdorp.com

TOULEIER

Die Chilene ken van heerlik eet en bier

Hoofstuk 3 Deel 14

Nou ja, so kom ons weer by die laaste Kammanuus-uitgawe van die jaar. Ten spyte van al die geite waaronder ons land ly, kyk ons darem nooit by die somer die son en die saffier verby nie. Steeds het ons braaivleis, krieket Chevrolet en sonskyn.

Die feestye lê voor en indien jy nie reeds 'n bietjie voorsorgvetjies afgeskud het nie, gaan hulle permanent deel word van jou. Eet gaan ons eet, fees gaan ons fees.
Op daardie noot wil ek gou terugvoer gee oor ons **Kinder Kosblikkie Projek** en die blink idee van een van ons lesers in Doebai, wat R5 000 geskenk het.
Sy versoek was dat ons 'n klompie van ons honger kinders en hul ouers die jaar saam laat feesvier. Nog lesers het toe ook skouer aan die wiel gesit en ons kan met trots aankondig dat ons vir 120 mense in Hennenman 'n heerlike Kersmaal en geskenke gaan gee. Wat 'n pragtige spanpoging! Baie dankie, Nicolene Minaar en die mense van Helpende Hand Hennenman-tak asook almal wat op een of ander manier bygedra het.

Terwyl ons so met kos besig is, het ek gedink om julle ook bietjie meer te vertel van Suid Amerika en in besonder Chili, se kossoorte en die mense daar se eetgewoontes.

In die Choapa-vallei waar ons vir twee jaar gewoon het, kweek hulle nie net die pisco-druiwe waarvan ek laas vertel het nie.

Tydens rissieseisoen is die voetheuwels oortrek met 'n bloedrooi tapyt van rissies soos hulle uitgepak word om in die son te droog. Mens maak egter maklik weens die land se naam die fout om te dink hulle hou van bekbrandkos. Glad nie waar nie. Hulle voer meeste van die rissies uit.

Die Chilene hou van hulle eie kos sommer baie plein, baie soos boerekos. 'n Gunsteling is *kasoewella*, 'n homp opgekookte vleis met wortels en aartappels, als saamgegooi in 'n sopbord met sop.

Dan is daar natuurlik ook hulle weergawe van 'n braai: Die *paradilla* (uitgespreek parra-dieja). Dis 'n braaivleis-allegaartjie wat bestaan uit alles van gewone tjops tot brein, niertjies en 'n stukkie koei-uier. Nee wat, hou maar verby vir my, wie in sy regte sinne braai dan nou afval?

Baie van dit wat jy in Chili eet, lyk bekend vir ons Suid-Afrikaners maar smaak heeltemal anders. Vat nou maar 'n *kompleto.* Dit lyk kompleet soos 'n warmbrakkie, maar dit het altyd 'n soort gesmelte kaas by wat dit besonders lekker laat smaak."

In ons dorpie Salamanca het 'n man van die kleinhoewes ('n *parsella* in Spaans) elke Saterdagoggend 'n bondel hase kom smous. Sommer so, vel en al. Saterdae was ook die dag om spotgoedkoop riviergarnale te koop van so 'n wandelende smous op sy perdekar. Sondae is *empanada*-dag. Jy moet jy vroeg spring as jy by een van net 'n paar huise regte, egte oondvars *empanadas* wil kry vir ete. Die *empanada* is een van Chili se nasionale kosse.

Dis bietjie soos 'n Korniese pastei in voorkoms, maar proe net heel anders. Die hoofbestanddeel is gemaalde skaapvleis en 'n pasteideeg wat toegevou word en in 'n soort tuisgemaakte pizza-oond gebak word. Daar is altyd 'n heel gekookte eier en 'n swart olyf, pit en al, binne in. Mens eet maar versigtig nadat jy met die eerste eetslag amper 'n tand gebreek het!

So 'n *empanada* smaak die heel beste saam met 'n plaaslike bier. Die Duitsers wat Chili toe uitgewyk het na die Tweede Wêreldoorlog, het gelukkig hul biermaakvernuf saamgevat en vandag maak Chili voorslag bier. Daarmee lig ek my lager en wens een en almal 'n geseënde Kersfees toe.

Hennie Greeff
UITGEWER
Onrusrivier
pos@onsdorp.com

Om die kampvuur

1 Kor 13 as die Griekwas praat

As die liefde beskryf word soos in 1 Kor 13, klink dit so:

"Die regtige liefde se bek is nooit dik nie; jy sien hom nie skinder nie en jy hoor hom nie klik nie; hy skrywe die kwaad nie in boekietjies op nie. Die liefde maak alles mooi toe met hom se sawwe karos. Tale die hou op, voorspellings verdroë en woorde raak los, maar die liefde die sal nou tot by die ewigheid toe net so bly staan."

Hoekom is die kind se naam Wit Willem?

Daar was al verkeie navrae op Facebook oor die oorsprong van die uitdrukking: Die kind se naam is Wit Willem.

Dit is blykbaar 'n uitdrukking wat gebruik word om te verwys na wanneer dit goed gaan of mense in hulle noppies is oor 'n saak- dat 'n saak afgehandel is en daar niks meer aan gedoen kan word nie: Die kind is klaar met dié naam gedoop.

Die "Wit Willem" is waarskynlik maar net 'n geskepte naam sonder 'n sinistere betekenis.

Die mooiste Afrikaanse name

Miané is in 'n peiling van Netwerk24 aangewys as die mooiste babanaam vir 'n meisie in Afrikaans.

Wat seuntjiename betref, is Bernard die gunsteling.

Die ander meisiename wat onder die topdrie geëindig het, is Hanna en Katryn.

Die seuntjies se tweede plek word deur Francois en Nicolaas gedeel, met Luan in die derde plek.

Wenke vir beter Afrikaans

'n **Muffin** bly 'n muffin – dis iets anders as 'n kolwyntjie. (En koeksister bly koeksister in Engels. En dis niemand se suster nie.)

Op pad is twee woorde.

Huis toe is twee woorde. Tensy dit jou hond se naam is.

Mens stuur 'n **e-pos** ('n epos is 'n tipe gedig).

Die Afrikaanse verlede tyd vir "e-mailed" is **ge-e-pos** (ten spyte van enige estetiese, ideologiese of morele besware wat jy daarteen het).

Ek **waardeer** jou vriendskap. Die rivier **waardeur** ons loop, is diep.

GPS bly GPS (Globale Posisionering-stelsel)

Jy mag 'n **boks** 'n boks noem (of kartondoos of doos). Boks is reg. Dis in die AWS.

Daar is 'n verskil tussen **op soek** (twee woorde) en **opsoek** (een woord). Voorbeeldsinne: Ek is **op soek** na haar telefoonnommer. Ek sal dit maar in die gids **opsoek**. Dus: **Op soek na** word los geskryf en **opsoek** wat naslaan beteken, word vas geskryf.

Jy **verseker** jou huisinhoud. Of jy verseker my van jou opregte bedoeling. Wanneer jy iets sonder twyfel of beslis doen, doen jy dit **vir seker.**

Vroue is engele. As iemand hul vlerke breek, hou hulle net aan met vlieg.

"Wanneer jy ontdek dat jy 'n dooie perd opgesaal het, is die beste ding om af te saal en 'n ander perd te kry."

- Slagspreuk van Amerika se Indiaanse bevolking.

Wie nie steel of erf moet werk tot hy sterf.

Duskantlander in Anderkantland

Kersvader skep chaos in Akkra

Daniël Bezuidenhout, 'n vrou van Namibië, skryf uit Ghana.

So is dit mos – as jy siekerig of mislik of nostalgies voel, verlang jy na jou ma se huis. Kerstyd in Akkra is soos sonbrandvelle aftrek, seer maar ook lekker. Alles oor Kersfees voel uit plek uit, omgedop en verkeerd.

So stap jy ewe vrolik die eerste Oktober in die winkelsentrum in, en daar staan 'n man op 'n lendelam trapleer en hang Kersfeesdekorasies op. Jy voel hoe jou hart kommapunt; 'n ketting trek 'n beklemming om jou binnegoeters. Dit kan mos nie wees nie, het die jaar reeds so ver met jou weggehol? Maar dan onthou jy dis nou eers vroeg Oktober.

In Akkra is daar baie goete wat jou laat kopskud. Als hierlangs kom ietwat aweregs voor, en ons wonder of die mense om ons se bont varkies nog op hok is. Miskien is hulle net kinderlik erg opgewonde oor die hele Krismis-ding, of is dit dat hulle effe langer vat om op te warm oor 'n gebeurtenis en meer tyd nodig het? In Ghana is dit 'n groot ding om jou Christenskap in die publiek ten toon te stel. Van reuseplakkers op jou mouter tot dik goue kettings en swaar kruise om die nek, T-hemde met reguit boodskappe in swart, dik letters en Krismis dekorasies in jou winkel, jou mouter en op jou werkstafel en in en om jou huis.

Die uurglas is veronderstel om nóg 'n hele twee maande uit te loop voordat Bony-M se plastiek musiek 'Kersfees' in die winkelsentrums uitbasuin. In die druk verkeer is dit straatverkopers wat verlepte plastiek opblaas Krismisvaders smous. Daar's klokkies wat klingel op Rudolf die fluweeltakbok se neus, stringe bont Kersliggies en sneeuspuit in 'n albasterblik is als op aanbod. Hierdie jaar is die dogtertjie kopbande met blinkertjie engeltjies wat soos antennae rondswaai oor jou kop 'n groot verkoper.

"Nog nooit het ek 'n skoorsteen
in 'n huis bespeur nie."

Ek sit heimlik en wonder hoe hulle die Kersboodskap aan die kindertjies geloofwaardig maak? Dis plak warm in hierdie tropiese land; sneeu is net ietsie wat mens hierlangs op 'n swak TV-beeld sien. Nog nooit het ek 'n enkele skoorsteen in 'n huis bespeur nie – waar moet Kersvader inglip om geskenke te kom afgee? Verlede jaar het 'n hotelgroep 'n Kersvader kompleet met wit baard en 'n reuse sak lekkergoed gestuur om die kindertjies by die swembad te verras. Dit was pandemodium soos daai kindertjies weggehol, in die swemwater gespring en histeries aan die gil gegaan het. Bestuur het gou die booswig verwyder en vir die res van die dag omverskoning gevra op die publieke uitsaaistelsel, en verskrikte verlore kinders en ouers met mekaar herenig.

Nou as jy as ekspat jouself in Akkra bevind oor Kerstyd het jy drie opsies. Die gewildste en voorkeur opsie is om ten duurste huis toe te vlieg en tussen jou eie mense iewers in die Kalahari, sonder sneeu en sonder koorsteen Krismis te vier met warm melktert en rumversuipte kersies. "En koue bier," sê my Vrystaat-man hier van die kantlyn af.

Almal is nie beskore om verlof te neem in die blinkertjie seisoen nie. Iemand moet 'n wakker oog hou op die geldkas, die olieboer, die voorraad op die winkelrakke; en daai makkers staan saam en vier Krismis in styl. Al die Springbok-ondersteuners kom bymekaar en vier fees. Jy word gevra om 'n kosding by te dra, iets soos aartappelslaai, gebakte kool weggesteek onder smeltkaas, 'n yslike bak winkelroomys of melktert vir twintig uitgehongerde Springbok-ondersteuners. Webers word aangery en skaapboude word gebak.

Geskenke word met 'n speletjie om die tafel aangegee en uitgedeel. Krismisvader kom aangery op 'n viertrek motorfiets en deel Kersgeskenke aan die kinders uit. Daar word geswem en gekuier en fees gevier; almal gemoedelik saam.
Opsie nommer drie is vir die oningeligtes wat nuut in die land kom werk het, wat te suinig is om hulle gemoedelikheid te deel, wat soos 'n rooiby wag om iemand te steek … Hulle sit by die huis en versuip hulle self soos kersies-in-rum.

As jy iewers in Januarie uitgespaar is en weer arriveer in Akkra, dan kan jy jou begewe in die Kersfees -gemoedelikheid tot diep in Maartmaand wanneer die blink Kerstooisels eers verwyder word. Vrinne wat jou lanklaas gesien het, vertel van sonbrand en brandvelle wat afgetrek moes word.

As jou kollegas van Ghana jou eers weer in laat Februarie sien, groet hulle jou vrolik "Merry Krismis and A Prosperous New Year"!

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com

MOEILIK OM TE GLO!

My buurvrou het 'n probleem met haar kasdeur. Dit val af elke keer as 'n bus verby-gaan.

Sy kry 'n herstelman en hy sien dat dit wel die geval is.

"Oukei, ek gaan kyk wat aan die gang is, maak net die deur agter my toe," sê hy en hy klim toe in die kas.

Net toe kom haar man van die werk af, maak die kas oop en vind die ou in die kas.

Die man: "Wat de hel doen jy hier?"

Herstelman: "Wel, jy gaan my nie glo nie, maar ek wag vir 'n bus!"

DIT WERK NIE SO NIE!

Hulle sê jy moet jou Kerskopies vroeg doen.

Dit help nie: Ek het myne 'n jaar voor die tyd gedoen en die winkels was net so besig.

DIE OORBEL

Die man by die werk merk eendag dat een van sy meer konserwatiewe kollegas 'n oorbel aan het.

"Vanwaar die skielike modebewustheid?" pomp hy hom in die ribbes.

"Man, dis niks, dis sommer net 'n oorbel," kom die kort antwoord.

"Hoe lank dra jy hom nou al?" hou hy aan.

"Vandat my vrou dit in my kar gekry het!"

WAT 'N VERRASSING!

Die man gaan supermark toe en merk 'n aantreklike jong dame wat vir hom waai. Hy groet terug, maar hy kan nie pluis van waar hy haar ken nie.

"Ken ons mekaar?" vra hy hoflik.

Sy antwoord: "Ek dink jy is die pa van een van my kinders." Sy gedagtes gaan terug na die enigste keer wat ontrou was.

"Is jy daardie ontkleedanseres van die rampartytjie? Die een wat ek voor almal op die snoekertafel geraps het terwyl jou maatjie ons met 'n selderytak van agter gepiets het?"

Sy kyk hom kalm in die oë en antwoord:' "Nee, ek is jou seun se onderwyser."

In 'n onlangse studie is bevind dat vroue wat 'n bietjie oorgewig is, langer leef as die mans wat dit noem.

DIE TOWENAAR VAN ID deur Parker

Uit die Wakis

Stories vir die vaak

Monument vir Hillary Clinton



Van 'n Amerikaanse vriend ontvang:

Ons het besluit om 'n standbeeld van Hillary Clinton op te rig. Ons wou dit op Mt. Rushmere doen, maar toe kom ons agter daar is nie plek vir twee gesigte nie.

Toe besluit ons op die Roemsaal in Washington, DC. Maar ons kon nie besluit waar die standbeeld moes kom nie. Om haar langs George Washington te plaas, sal onvanpas wes omdat hy nooit gelieg het nie, of langs Barack Obama, wat nooit die waarheid vertel het nie, aangesien Hillary nie die verskil ken nie.

Toe besluit ons sy moet langs Christopher Columbus kom - die grootste demokraat van alle tye. Hy het vertrek sonder om te weet waarheen hy op pad is, en toe hy daar aankom het hy nie geweet waar hy is nie. Hy het teruggekeer sonder om te weet waar hy was en het dit alles met iemand anders se geld gedoen.

Groete
Die Hillary R. Clinton Monumentekomitee.

NASKRIF: Ons het al $2,16 ingesamel.

♦"Dokter, ek het 'n verskriklike pyn op my lewer," sê die blondine.
"Hoe weet jy dis jou lewer, Juffrou?" vra die dokter.
"Maar as dit nie myne is nie, wie s'n kan dit dan wees?" wil die blondine verbaas weet.

♦Ja, ek praat met myself. Maar net as ek 'n kenner se mening wil hoor.

Wat is BEMARKING nou eintlik?

Mense vra dikwels wat bemarking nou eintlik behels. Hier is ’n paar eenvoudige voorbeelde van die verskeie vorme van bemarking:

* Jy is ’n dame en jy sien ’n oulike ou by ’n partytjie. Jy stap oor na hom toe en deel hom mee: "Ek is fantasties in die bed.”
Dis direkte bemarking.

* Jy is by ’n geselligheid saam met ’n paar vriendinne en sien ’n aantreklike ou. Een van jou vriendinne gaan oor na hom toe, wys na jou en sê: “Sy is fantasties in die bed.”
Dis advertering.

* Jy merk ’n aangename ou op by ’n geselligheid. Jy stap oor en kry sy selnommer. Die volgende dag bel jy hom en vertel hom hoe fantasties jy in die bed is.
Dis telebemarking.

* Jy sien ’n guitige outjie by ’n geselligheid. Jy trek jou rok reg, stap oor, gooi vir hom ’n drankie. Jy vra: “ Mag ek?” en trek sy das vir hom reg terwyl jou buuste liggies teen sy arm skuur en sê dan: “Terloops, ek is fantasties in die bed”
Dis promosiewerk.

* Jy is by ’n partytjie en ’n oulike ou kom nader en sê: “ Ek hoor jy is fantasties in die bed.”
Dis handelsmerk herkenning.

*Jy verwys ’n oulike ou by ’n geselligheid na een van jou vriendinne. Hy skakel jou later en vertel jou hy kom nie reg by haar nie.
Dis tegniese ondersteuning.

* Jy staan in die middel van die vertrek by ’n geselligheid en skree hardop: “Ek is fantasies in die bed.”
Dis Facebook.

* Jy word genader deur ’n ouer man by ’n partytjie en hy gryp jou aan die boud.
Dis Donald Trump.

HOE OM WYN TE DRINK

Maak bottel oop. Laat wyn asemhaal.
As dit nie lyk of hy asemhaal nie:

Gebruik mond-tot-mond asemhaling

Wanneer jy sterf, is daar geen pyn nie. Al die pyn is by die mense wat agterbly. Dis dieselfde wanneer jy onnosel is.

Dis nou betroubare joernalistiek!

Die man – hy ry op 'n Harley-Davidson-motorfiets – ry verby die dieretuin en sien 'n jong meisie wat oor 'n muur leun om 'n leeu van nader te bekyk.

Die leeu spring op en ruk haar met sy kloue tot in sy hok, terwyl die meisie se ouers geskok en magteloos toekyk.

Die Harley-ryer stop, spring oor die muur en gee die leeu 'n opstopper. Die leeu laat sy prooi los, die held tel haar op en besorg haar ongedeerd aan haar dankbare ouers.

'n Koerantman van *The Washington Post* sien die drama en stap nader:

"Dit is die grootste heldedaad wat ek nog ooit gesien het. Wat is jou naam en waar kom jy vandaan, want hierdie -storie gaan beslis môreoggend die voorblad haal."

Waarop die man nederig antwoord. "Ag, dis niks, die kind se lewe was in gevaar en het net gedoen wat ek gedink het reg was."

Op aandrang van die joernalis vertel hy dat hy 'n seesoldaat en Republikein is en boonop vir Donald Trump steun.

Die volgende oggend verskyn sy storie op die voorblad onder die opskrif:

"American marine assaults African immigrant and steals his lunch!"

Alles is toe puur verniet!

Die vrou roep haar man na die slaapkamer. Met sy aankoms vra sy hy moet die gordyne toetrek.

Die ou kry 'n opgewonde gevoel en trek dit gou toe.

"Maak die deur ook toe," vra sy.

Hy trippel na die deur soos 'n jong bokkie wat op hitte is. Hier kom nou 'n ding!

"Dis nog te lig," sê sy. "Sit af die lig."

En af is die lig en die man se hart klop nou op plekke waar dit nie moet klop nie.

"Kom nader," sê sy met 'n vleiende stem.

Toe weet hy dis nou sulke tyd en hy gaan staan styf teen haar.

"Hoe hou jy van my nuwe horlosie wat in die donker gloei?" vra sy.

Groot belegging

'n Prokureur maak 'n afspraak met sy grootste kliënt. Die man is 'n baie welvarende kunsversamelaar.

"Ek het goeie nuus en slegte nuus," sê die prokureur.

"Vertel my die goeie nuus, ek het 'n baie slegte dag beleef."

"Jou vrou het vandag R50 000 in twee foto's belê wat minstens R3 miljoen werd is," sê die prokureur.

"Dis fantasties!" juig die versamelaar. "Jy het so pas my dag gemaak! Maar wat is die slegte nuus?"

Prokureur: "Die twee foto's is van jou en jou sekretaresse op die rusbank."

Raad aan meisies vir die jaareinde se partytjie

Voorbereiding is baie belangrik.

♦Eet voor die tyd 'n groot Bar One.

♦Vat klein slukkies.

♦Bly by een soort drankie.

♦Pas jou glas op.

♦Drink 'n glas water tussenin.

♦Sit 'n geel plakker op die lelikste ou. Gaan huis toe wanneer hy vir jou mooi begin lyk.

Blondie maak 'n blapsie

Blondie kom ewe nors by die biblioteek ingestorm en vaar uit teen die toonbankassistent:

"Die boek wat ek drie weke gelede by julle geleen het is pateties en maak geen sin nie!

"Daar is 'n helse klomp karakters en syfers, maar daar is geen storielyn nie, a nee a!"

Die assistent skud stadig haar kop en sê:

"Dan is jy die een wat ons telefoongids gegaps het!"

Stamboom

ONSDORP se afdeling vir familiesoekers

Die maand se eerste vanne ontvang:
SWARDT daanswardt@iburst.co.za
Seun van HC SWART 1896-1977 seun van PJC SWART 1854-1946
Soek meer besondehede or PJC. Het op Rooiwal naby Willowmore geboer. Het op Avontuur 'n smidswinkel en wamakery gehad.

PLUES wernervanr@gmail.com
Op soek na Louis "Bobby" Plues werksaam goudmyne Western Deep Levels (Carletonville) Gauteng, ongeveer 1958 tot 1966. Ook op soek na alle Plues-familie.

LAASTE FAMILIELID
VISSER TinaPieters@flysaa.com
My oupa is gebore op 21/9/1901 en is oorlede 15/8/1967 in die nuwe begrafplaas in Tzaneen en grafnommer is 203.HY was getroud met Anna Christina Venter, maar weet nie wanneer sy gebore of oorlede is nie.Hy het weer getrou met Anna Elizabeth Steyn gebore 28 Desember 1898 en is oorlede op 5 November 1986 begrawe in Tzaneen. My eie pa is Cecil Eddy Visser en is gebore op 8 Julie 1930 en oorlede in 1990 te Boksburg.
My pa het een eie broer en suster gehad maar sy broer is oorlede maar sy suster Thelma Elizabeth Louisa (Visser) se van is Dreyer. Sy lewe steeds en is vanjaar 90 jaar oud. My oupa het in Britstown grootgeword en ek wil baie graag met die familie as daar nog is in kontak kom. Ek hulp en weet dat hulle skaapboere was en selfs ook op Kimberley en De Aar is daar seker ook nog familie. Ek weet dat my ouma Anna wat Steyn was het ook susters gehad met die naam Tannie Mieta, Tannie Mollie en oom Jan.Hulle kan my gerus kontak op die bogenoemde e-posadres.
Albei my ouers en broer is oorlede en ek is die enigste persoon van ons familie van vyf wat lewe en wil graag kontak maak met die ander familie.

Nog vanne wat aangemeld is: Loots, Roux, Nigrini, Kruger, Liebenberg, Lotter, de Meyer, Van Heerden, du Plessis, Myburg, Snyman en Duvenhage.
Gaan na www.onsdorp.com/stamboom en kyk uit vir jou eie van.

Suster Mary bedank by die klooster

Suster Mary Katherine het die Klooster van Stilte betree. Die priester het haar verwelkom:

"Onthou, dis die Klooster van Stilte. Jy is welkom hier, maar jy mag nie praat voor ek toestemming gee nie."

Sy het vyf jaar daar gewoon voordat die priester gesê het:

"Suster Mary Katherine, jy is nou vyf jaar hier. Jy mag twee woorde sê."

"Harde bed," het sy gesê, en die priester het belowe om vir haar 'n beter bed te kry.

Ná nog vyf jaar kon sy weer twee woorde sê.
"Koue kos."

Die priester het haar verseker die kos sal voortaan beter wees.

Op die herdenking van haar vyftiende jaar is sy weer ingeroep en toestemming gegee om twee woorde te sê.

"Ek bedank," het sy gesê.

"Dis waarskynlik die beste ding wat jy kan doen," het die priester gesê. "Sedert jy hier gekom het, het jy die heeltyd net gekla."

Skinderbek: Iemand wat nooit 'n leuen vertel as die waarheid meer kwaad kan doen nie.

AGTEROS

Net voor uitspantyd

> 'n Boer glo nie in gesinsbeplanning nie. Min kinders los hy vir die Ingelse, vir mense wat nie 'n groot werf het nie, en diegene wat vir hul vleis moet betaal.

Mens kry boere wat nie tipiese boere is nie. Veral jou tjekboekboere. Dit is die dokters, prokureurs, ingenieurs, eiendomsagente en 'n arsenaal onbeskaaf-de, ryk gomtorre wat hul geld in die stad as pênelbieters of aandelemakelaars gemaak het. Hulle is nie ware boere nie.

- So 'n halfwas boer se grond is klaar betaal, sy krippe lek nie, sy lyndrade hou jou waaragtig beeste en renosters binne en sy hekke hang nie.
Sy vierwielvoertuig het 'n CD-speler in, is altyd blink en skoon, het nuwe bande en trek 'n nuwe waentjie.
Sy seuns neem dramalesse en weet niks van 'n kettie of dikmelk af nie.
- Onder die ware boere is daar ook dié meneer wat juis probeer anders wees. Hy dra denimlangbroeke en gholfkêpse, borsel tande voor ontbyt, gebruik sy eie handdoek en spuit goed onder sy arms.
Vir so 'n boer moet jy versigtig wees. Hy het waarskynlik nog nooit 'n Joseph Rodgers-mes gesien nie. Hy drink Pinotage by ete, braai vis pleks van tjops en maak die motor se deur vir sy vrou oop.
Hy is 'n sissie.
- 'n Regte boer dra 'n hoed. Ou boere dra 'n ou hoed met 'n wye rand wat na jare se sweet ruik.
Nuwe boere dra 'n nuwe hoed wat heel onvanpas soos 'n vars miskoek op sy kop lyk.

'n Boer het net een pak klere
wat hy kerk en troues toe aantrek.
Die pak is te klein.

- 'n Boer rook 'n kortsteelpyp wat hy met 'n hoenderveer skoonmaak.
- 'n Boer drink brandewyn met brakwater of Coke. En hy drink hom stérk, vier vingers sterk, sonder ys.
- 'n Boer se vrou kan kassies tamaties pak, 'n koolstoof brand maak, truie brei, pap wiele omruil, 'n rinkhals agter die yskas doodslaan, duwweltjies uit voete haal en babatjies vang.
- 'n Boer verneuk niemand nie, behalwe die keiser.
- 'n Boer betaal nie belasting nie, net BTW, wat hy terugeis.
- 'n Boer het nie 'n tyddeel nie, maar baie tyd.
- Hy slaap smiddags tussen een en twee.
- 'n Boer het net een pak klere wat hy kerk en troues toe aantrek. Die pak is te klein.
- 'n Boer gaan kerk toe, maar stem nie saam met die Sinode se besluite nie.
- 'n Boer praat nie Ingels nie, buiten 'n klompie in die Kolonie en Natal.
Maar hy kan 'n swart taal praat.
Wanneer 'n werker die hek laat ooplê en die beeste in die lande kom, praat hy verskeie tale gelyk.
En vinnig.
- 'n Boer glo nie in gesinsbeplanning nie. Min kinders los hy vir die Ingelse, vir mense wat nie 'n groot werf het nie, en diegene wat vir hul vleis moet betaal.
- 'n Boer glo nie aan nuwe bande vir sy bakkie nie. Hulle moet glad wees, anders ry hulle nie lekker in die sand nie.

- 'n Boer huil nie, behalwe as die eerste stoetbulkalf van die seisoen aankom of as sy dogter op die skool se sportbyeenkoms eerste kom.
- 'n Boer kry nie seer nie en gebruik nie pleisters nie. Hy dra net sy hele lewe lank verbande: twee verbande op elk van sy drie plase.
- 'n Boer skei nie, hy gaan net dood. Ryk boere gaan arm dood en arm boere gaan ryk dood.
- 'n Boer se testament lyk anders as ander mense s'n: sy vrou en dogters erf niks grond nie. Die oudste seun erf alles, en verloor weer alles omdat hy dinge op die plaas probeer wat sy pa altyd geweet het nie sal werk nie.

KAMMANUUS het sy maksimum verspreidinggrootte bereik, maar as jy op hierdie skakel klik, kan jy KAMMANUUS EKSTRA bereik:
www.onsdorp.com/ekstra.html